
# Lesing 1 - 2 Junie 2020 - Verhale uit die "Jeug van JaHshua" aan J Lorber gedikteer




## PROFETIESE ONTHULLINGS VAN DIE KIND JAHSHUA

### Hoofstuk 192: Die leersame kuiltjiespel (24 Mrt 1844)

***Uit "die Jeug van JaHshua" deur Jakob Lorber***

[1] Daarop het die Kindjie Hom tot Sixtus, die oudste seun van die kinders van Cirénius gewend, en aan hom gesê:

[2] "Sixtus, maak daar vooraan op die platgetrapte weg **tien kuiltjies**, almal `n span* Jy weet wel wat ons daarmee gaan doen. * (Ou lengtemaat: Ongeveer 23 cm van mekaar verwyderd!)

[3] Bring dan die **tien albasters** wat Jakob uit klei vir ons gemaak het om mee te speel, dan sal ons `n bietjie met die albasters speel; jy weet goed hoe, want jy het My dit immers geleer!'

[4] Sixtus het dadelik gedoen wat die Kindjie wou hê!

[5] Toe die tien kuiltjies gemaak en die albasters van klei gebring was, het die Kindjie aan Cirénius (*Romeinse regter, 2de in bevel onder die Romeinse Keiser*) gesê:

[6] "Laat My nou weer vry, sodat Ek aan jou kan verduidelik en jou kan wys hoe hierdie spel werk; maar julle ander kinders, mag nie nou tussenbeide kom nie, omdat Ek Self aan Cirénius die saak wil verduidelik!"

[7] Nou het die Kindjie Hom gevoelvol tot Cirénius gewend en gesê:

[8] "Kyk, die speletjie werk soos volg: Jy moet drie treë van die kuiltjie af staan en dan `n albaster gooi.

[9] Geluk dit jou deur `n goeie gooi om dit in die **tiende** en dus laaste en vêrste verwyderde kuiltjie te rol, dan is jy die **koning** van die spel; kom hy in die negende kuiltjie dan is jy `n **minister**; in die agste is jy `n **aanvoerder**!

[10] In die sewende `n **goewerneur**, in die sesde `n **regter**, in die vyfde `n **priester**, in die vierde `n **boer**, in die derde `n **vader**, in die tweede `n **moeder** en in die **eerste** `n kind!

[11] Hoe die spel dan verder verloop, sal Ek wel weer aan jou verduidelik as die kuiltjies vol sal wees."

[12] Toe het Cirénius glimlaggend `n albaster geneem en dit oor die weg gegooi en die albaster het dadelik in die eerste kuiltjie gerol!

[13] En die Kindjie het gevra: "**Is jy tevrede** met hierdie plek? Andersins kan jy as beginner nog twee maal gooi!"

[14] Cirénius het geantwoord: "My heerlike lewe, my JaHshua! Ek bly net waar ek nou is!"

[15] En die Kindjie het gepraat: "Goed, gooi julle nou dan na mekaar. Ek sal dan laaste gooi!"

[16] Die kinders het hulle albasters gegooi, maar hulle het nie al die kuiltjies beset nie, maar dikwels het twee of drie van die albasters in één kuiltjie gekom!

[17] Ten slotte het die Kindjie gegooi en Sy albasters het, soos altyd, in **die tiende kuiltjie** gekom!

[18] Dit het die **meisie (stel die wêreldse liefde voor) vererg** en sy het gesê: "So moet die klein JaHshua dan altyd koning wees!"

[19] Die Kindjie het egter aan die meisie gesê: "Waarom knies jy daaroor - **jy het tog vóór My gegooi**, waarom gooi jy dan so onhandig?!

[20] Wees nie wrokkig teenoor My daaroor nie, anders sal Ek dadelik weer `n **muis** na jou laat kom, waarvoor jy so bang is!"

[21] Toe het die meisie niks meer gesê nie en was tevrede met haar tweede kuiltjie!


[22] Die negende, agtste, sewende en sesde kuiltjie was egter onbeset en toe het Cirénius aan die Kindjie gesê:

[23] "Kyk, Jy my lewe! - Nou is daar nog **geen minister, geen aanvoerder, geen goewerneur en geen regter nie**!

[24] Wie sal hierdie belangrike plekke nou inneem?"

[25] "Hierdie plekke", het die Kindjie gesê, **'moet Ek nou self laat vul,** omdat niemand dit beset het nie; want alle onbesette plekke moet deur `n besette kuiltjie, **gereken vanaf die koningskuiltjie**, ingeneem word!

[26] As die plek van die minister beset sou wees, dan word die drie volgende plekke aan hom toegewys. Omdat dit egter onbeset is, val die vier kuiltjies nou aan die koning toe! Omdat alle kuiltjies nou beset is, gaan ons oor tot die eintlike spel!" '




## Die lewenskuiltjies en hulle ordening - `n Spel van menslike gedrag (25 Mrt 1844)

**Hfs 192a** En die Kindjie het verder met Cirénius gepraat: "Wel, **omdat Ek die koning is, moet elk van julle My ook as koning gehoorsaam**!

[2a] Luister daarom nou na **My wette**! - Die kuiltjie van die priester moet **wys, ernstig en goed wees**!

[3a] As jy lag wanneer iemand anders lag (***ligsinnig wees***) , dan faal jy en word jy van jou amp onthef en word jy daardeur gestraf.

[4] Jy, kuiltjie van die boer, moet **werksaam** wees; as jy lui is, sal jy honger moet ly!

[5a] Jy, vaderkuiltjie, moet **vol liefde teenoor jou kinders wees** en hulle goed en **regverdig opvoed**, anders sal jy vir hulle tot `n mikpunt van spot word!

[6a] Jy, moederkuiltjie, moet **huislik en vol godsvrug** wees, sodat jou suigelinge wys word!

[7a] En jy, My goeie, liewe kinderkuiltjie, bly soos jy is: `n **Voortdurende leraar van die wyse tot wysheid in Elohim!**

[8a] Wel, dit is die wette; hulle moet noukeurig gehoorsaam word!

[9a] As iemand `n guns van My wil ontvang, **dan moet hy daarvoor op sy knieë na My toe kom!**

[10a] Gaan nou en handel en laat My alleen! Cirénius, jy moet egter met die vader en die moeder saamgaan, omdat jy `n kind is!"

[11a] Hierop het `n meisie en `n jong seun as priester baie ernstig en plegtig weggegaan en op `n ietwat meer verhewe plek gaan staan.

[12a] Daarna het twee meisies en `n jong seun as boere weggegaan en het eg bedrywig op die grond gewerk asof hulle die belangrikste werk gehad het om te doen.

[13a] Vervolgens het nog `n jong seun en `n meisie weggegaan wat hulleself baie ernstig gehou het, omdat hulle `n vader voorgestel het en **`n vader in sy hart ook `n moeder moet wees** om werklik `n goeie vader te wees.

[14a] Daarop het die moeder vertrek en na haar die kind, te wete Cirénius; **die moeder was skugter teenoor die kind en het nie durf waag om met hom praat en hom wyse lesse gee nie**.

[15a] Sy het daarom na die koning teruggegaan en Hom gevra of Hy haar genadiglik `n **ander plek** sou wou gee.

[16a] Die koning het haar egter `n plek by die priesters toegewys en hulle het begin lag, toe hulle die moeder na hulle sien aankom het.

[17a] Toe het die koning dadelik die priesters ontbied en hulle **van hulle amp onthef**, omdat hulle gelag het toe hulle ernstig moes gewees het en Hy het hulle onder by die boere geplaas.

[18a] Die boere het egter al gou met mekaar **begin twis en rusie maak** en die koning het hulle ontbied en die **orde** onder hulle herstel en **vrede** onder hulle gestig.

[19a] Nou het die **moeder opnuut gekom** om `n ander pos te vra.

[20a] En die Koning het gesê: "**Wees jy die priester, omdat jy die liefde in die wysheid voorstel**!"


[21a] Nou het die vader egter gekom en gekla dat hy geen vrou het nie, omdat die moeder `n priester was.

[22a] En die Koning het gesê: "**Neem die kind dan saam en word wat die moeder is!"**

[23a] En so het dit gebeur; maar die priester het begin om in `n **sterk mate van die boere te eis**, dat hulle baie eerbiedig aan hom moes wees!

[24a] Nou het dit al spoedig begin om hand uit te ruk en die Koning het hulle almal weer teruggeroep en gesê: "Ek sien dat julle **onenig** is; daarom sal ons met `n nuwe skuif oorgaan!

# Lesing 2 - 2 Junie 2020 - Verhale uit die "Jeug van JaHshua" aan J Lorber gedikteer




### Cirénius in die ministerskuiltjie - Die ontevredenheid van die meisie - Die doeltreffende intimidasiemiddel van die 'koning' -Die muiswonder (26 Mrt 1844)

**Hfs 193** Cirénius moes weer eerste gooi en sy albaster het nou in die **negende kuiltjie** gekom, sodat sy kinders gesê het:

[2] "Vader Cirénius, dit is mos vooruitgang: Van kind na minister en dit by die eerste werp!

[3] As u nog eenkeer mag gooi, dan sou u sekerlik wel in die koningskuiltjie kon kom!"

[4] En Cirénius het gesê: "My kinders, **ek is alreeds tevrede met hierdie waardigheid**; neem julle dus maar die albasters en gooi!

[5] **Sorg dat julle werklik baie dikwels in die kinderkuiltjie kom**, want daarin sal julle in wese eintlik op die beste plek vir julle wees!"

[6] Toe het Sixtus dadelik `n albaster gegooi en in die kinderkuiltjie gekom en hy was baie verheug daaroor.

[7] Daarna het die **oudste meisie** haar albaster gegooi en sy het opnuut in die tweede **moederkuiltjie** gekom.

[8] Weer het die meisie gekla en gesê: "**Ag, ek moet dus al weer die moeder wees!"**

[9] Die Kindjie het daarnatoe gegaan, die albaster uit die kuiltjie geneem, dit weer in die hand van die meisie geplaas en gesê:

[10] "Hier, gooi nog `n keer, ontevrede kind; maar sien toe dat jy **nie weer** die plek van die moeder kry nie!"

[11] En die meisie het opnuut gegooi en weer in dieselfde kuiltjie gekom en het **van ergernis letterlik begin om te huil.**

[12] Die Kindjie het weer na die meisie toe gegaan en gesê: "O jou **heerssugtige wese**! Werklik, in jou verloën die oervroulike natuur sigself nie!

[13] Wat moet Ek met jou doen, **jou slangnatuur, jou leeuklou?**

[14] Laat vinnig `n muis hierheen kom, dit moet jou regtig pla, dan sal jy wel anders teenoor My word!"

[15] Nou het die meisie dadelik op haar knieë voor die Kindjie neergeval en huilend gesê:

[16] "My liefste JaHshua, ek smeek Jou, asseblief geen muis of rot nie, want daarvoor is ek verskriklik bang!

[17] Ek wil eerder duisendmaal liewer moeder wees as om net `n enkele muis te sien!"

[18] Die Kindjie het gesê: "Hierdie keer sal Ek jou nog met die muis ontsien;

[19] maar as jy nog `n keer kla, dan sal daar tien muise tegelyk op jou afkom en aan jou voete snuffel!"

[20] Toe het die meisie muisstil geword en baie geduldig toegekyk hoe die ander kinders alle ander kuiltjies beset het,

[21] en haar nie vererg nie, toe selfs `n tweede meisie in die vaderkuiltjie gekom het, terwyl dit andersins altyd vir haar die ergste was as daar nie `n jong seun daarheen gekom het nie!

[22] Ten slotte het die Kindjie weer gegooi **en alweer in die koningskuiltjie gekom.**

[23] Toe het die meisie van **heimlike ergernis** op die lippe gebyt.


[24] En die Kindjie het geglimlag, `n takkie geneem en daarmee alle albasters aangeraak, daarna oor die kuiltjies geblaas en op dieselfde oomblik het daar in plaas van die albasters **springlewendige muise binne-in die kuiltjies gesit.**

[25] Toe die meisie hierdie diertjies gesien het, het sy vreeslik begin skreeu en te krys en loop weg.

[26] Nou het Josef na buite gekom en gevra: "Wat het Jy nou weer met die meisie gedoen, my liewe JaHshua, dat sy so vreeslik skreeu?"

[27] En die Kindjie het geantwoord: "Sy is soos altyd, jaloers; daarom het Ek weer `n paar muise na haar toe gestuur!"

[28] Josef het nou geglimlag en gegaan om die meisie weer te kalmeer; die ander kinders het hulle spel nou rustig voortgesit, want hulle **het niks van die verskriklike muise gesien nie.**




### Gesprek van die Kindjie met die nukkerige, eiesinnige meisie (26 Mrt 1844)

**Hfs 194** Na `n rukkie het die meisie ook weer gekom en die Kindjie het haar dadelik gevra of sy weer wil saamspeel.

[2] Maar die meisie het gesê: "Ek wil wel toekyk, maar **ek wil nie saamspeel nie**, want ek vererg my gou oor iets en dan is Jy dadelik kwaad!

[3] En dus speel ek liewer nie saam nie, want ek het `n te groot vrees vir Jou, omdat Jy dadelik met muise en rotte kom."

[4] Die Kindjie het egter daarop gesê: "Ja, maar waarom is jy dan ook so dom om jou te vererg oor dinge, waarby jy niks verloor hoe dit uitval nie?

[5] Wees tevrede met wat jou deur die lot toebedeel word, dan sal daar voortaan geen muise of rotte meer oor jou kom nie!

[6] Sien My aan! Ek gooi altyd die laaste en Ek murmureer nie, hoewel die voorrang My tog toekom.

[7] Waarom kla jy tog, **terwyl jy as meisie die geduld self moet wees?"**

[8] Die meisie het gesê: "Wat kan ek dan daarvoor? Waarom het ek dan so `n gemoed? Dit het ek nie aan myself gegee nie en dus is ek soos ek is en kan nie anders wees nie!

[9] Maar omdat ek weet dat ek so is, speel ek nou liewer nie saam as dat ek my weer moet vererg nie, om daarna weer deur Jou met muise bestraf te word!"

[10] Die Kindjie het Hom nou afgewend en asof met Homself gepraat: "**Kyk, die kinders van hierdie wêreld kom teen Jou in opstand en keur jou werk af, omdat hulle Jou nie ken nie!**

[11] **Maar `n gooi en nog `n gooi en die kinders van die wêreld behoort anders oor Jou te dink!"**

[12] Daarna het die Kindjie Hom weer omgedraai en met die meisie gepraat: "Maar aan wie gee jy dan die skuld, dat jy so verergd is en dat jy nou nie tevrede met jou lot is nie?"

[13] Die meisie het egter gesê: "Waarlik, as Jy, my liewe JaHshua, iemand eenmaal vrae begin te stel, dan kom daar geen einde aan nie,

[14] en Jy word daardeur dan `n ontsettend lastige Kind!

[15] Hoe weet ek wie se skuld dit is dat ek so is?! Jy is self tog so `n klein Profeet, `n Wonderkind, wat met Elohim kan praat!

[16] Vra Hom dan, as dit moontlik is, Hy sal Jou die beste kan vertel waarom Ek so is!"

[17] Nou het die Kindjie ietwat nader na die meisie toe getree en gesê: "**Meisie, as jy My sou geken het, sou jy anders gepraat het!**

[18] Maar omdat jy My nie ken nie, daarom spreek jy soos dit op jou tong kom!

[19] Kyk eers op na die son! Wat dink jy wat dit is en van wie het hy sy glans?"

[20] Maar die meisie het alreeds baie ongeduldig gesê: "'Waarom het Jy dit juis so op my gemik om my so te martel met Jou vrae!

[21] Kyk, daar is nog sewe ander, hulle het rus van Jou! Gaan ook eers na hulle om hulle met Jou ewige vrae lastig te val!"


[22] Die Kindjie het daarop gesê: "O meisie, kyk, hulle is gesond en het geen medisyne nodig nie, **maar jy is siek in jou siel**, daarom sou Ek jou wel wil help as jy nie so **halsstarrig** sou gewees het nie!

[23] Maar omdat jy so erg **koppig** is, sal dit moeilik wees om jou te help.

[24] Onthou egter een ding: As aan `n engel in die Meester se hemel die barmhartigheid ten deel sou val om net soos jy deur My ondervra te word, dan sou hy van groot geluksaligheid sodanig aan die brand slaan, dat hy deur sy liefdesvuur die hele aarde in `n oomblik sou vernietig!

[25] **Gaan nou maar weg van My af; Ek hou nie meer van jou nie, omdat jy so koppig en eiesinnig is!"** - Nou het die meisie weggegaan en stilletjies gehuil; JaHshua het Sy speelmaats egter weer verder **as Koning gedirigeer.**

# Lesing 3 - 2 Junie 2020 - Verhale uit die “Jeug van JaHshua” aan J Lorber gedikteer




## Die uitleg en verklaring van die veelseggende spel - Nuwe onenigheid tydens die tweede spel - Die derde gooi - Die eersugtige meisie in die ministerskuiltjie - Die aanhitsing teen die Kind - Die nuwe, laaste gooi en herstel van die fundamentele lewensorde (29 Mrt 1844)

**Hfs 195** Gedurende die verloop van hierdie tweede spel het daar weer ietwat **onenighede** tussen die spelers voorgekom.

[2] Die minister is te veel gevrees, omdat dit Cirénius self was; die veldheer en ook die landvoog en die regter het hulle nouliks durf waag om teen die minister op te tree en was heimlik nukkerig by hulleself oor so `n orde..

[3] Veral `n paar meisies, wat die landvoog en die regter voorgestel het, was nie tevrede nie, omdat hulle sonder toestemming van die minister niks mag gedoen het nie.

[4] Alleenlik Sixtus in sy kinderkuiltjie was volkome tevrede.

[5] Die Kindjie het hierdie onenigheid opgemerk en het almal daarom weer byeengeroep, die albasters opnuut uitgedeel en vir die **derde maal** laat gooi.

[6] By hierdie gooi egter het Cirénius in die koningskuiltjie en die Kindjie in die kinderkuiltjie gekom;

[7] en alle kinders het `n groot vreugde daaraan gehad, dat die **twee jaar en vier maande oue JaHshua** ook eenkeer in die kinderkuiltjie gekom het.

[8] Nou het **dieselfde meisie** weer daar aangekom en aan die Kindjie gesê: “Kyk, dit is die regte plek vir Jou; ek is bly, dat Jy ook eenkeer in hierdie vervelige kuiltjie kom!”

[9] Maar die Kindjie het egter gesê: “Kyk, die ministerskuiltjie is nog vry! Neem `n albaster en gooi, miskien kom jy wel daarin!”

[10] Toe het die meisie tog maar weer `n albaster geneem en gegooi en het presies in die ministerskuiltjie gekom.

[11] Toe sy haarself in die ministerskuiltjie gesien het, het sy `n **hoogrooi kleur van vreugde gekry, omdat haar eersug eindelik `n keer bevredig was** en sy het skertsend gesê:

[12] “Nou, my JaHshua, verheug Jou; nou **sal ek Jou wel straf** as Jy ongehoorsaam is!”

[13] En die Kindjie het gesê: “Weet **jy, kinders is vry van die wet;** wat wil jy dan met My doen?”

[14] Maar die meisie het gesê: “Laat die spel maar eers begin, dan sal Jy dadelik sien of die minister geen gesag oor kinders het nie!”

[15] Nou het Cirénius as koning die spelreëls uitgedeel en elkeen het na sy plek gegaan om daar sy funksie uit te oefen.

[16] Die minister het veral die priester hewig teen die kind opgestook, dat hy Hom nie na hom sou laat kom nie.

[17] Dus het ook die andere beroepe geen gehoor aan die kind gegee nie.

[18] Daarom het JaHshua na die koning gehardloop en Hom volgens die reëls van die spel by hom bekla omdat Hy vervolg is.

[19] En die koning het gesê: “O Meester, ek is nog te min in hierdie reëls ingewy!

[20] Omdat daar, ongeag hierdie reëls, nou al weer wanorde in die spel ingesluip het, sal ek die klein geselskap weer byeenroep en as Jy wil, kan ons dadelik `n nuwe gooi doen!”

[21] En die Kindjie het gesê: “Ja, Cirénius, **`n nuwe en vir ewig die laaste!**

[22] Roep dus die kinders weer byeen, dan sal ons die laaste toets doen!”

[23] Cirénius het die kinders byeengeroep en die albasters verdeel en daar is gegooi.

[24] Hierdie keer het al die kinders met inbegrip van Cirénius in die kinderkuiltjie gegooi; **alleenlik JaHshua het in die koningskuiltjie gegooi.**


[25] Toe het **Sy kuiltjie dadelik begin gloei en Sy albaster soos die son te straal**.

[26] En die Kindjie het die stralende albaster geneem en dit **in die vaderkuiltjie geplaas** en daarop aan Cirénius gevra:

[27] “Cirénius, verstaan jy nou wel hierdie betekenisvolle spel al `n bietjie?”

[28] En Cirénius het gesê: “O Meester, my lewe, hoe sou ek dit moes verstaan?”

[29] En die Kindjie het gesê: “**Luister dan na My**; Ek sal dit aan julle almal duidelik en deeglik uitlê!”




### Die uitleg en verklaring van die betekenisvolle spel deur die Kindjie - Die verskillende pogings om die verdwaalde geeste te red deur die Elohimdelike leiding aan die mens (30 Mrt 1844)

**Hfs. 196** En die Kindjie het dadelik soos `n wyse leraar van `n sinagoge begin praat en gesê:

[2] "**Dit is die betekenis van die spel**: Vanaf die skepping, en ook daarvoor, was Elohim van ewigheid die Meester.

[3] Die eerste gooi: **die ou geeste word wakker** en wil hulleself nie die heerlikheid van JaHWeH laat welgeval nie en die spel verloop chaoties.

[4] Hierdie spel duur van **Adam tot Noag en van Noag tot Moses.**

[5] **Die koppige meisie is die liefde en die wêreld**, waarmee die Liefde egter in stryd is.

[6] Ten tye van Noag is die wêreld met dreigemente gestraf, soos die meisie met die **muise**.

[7] Die wêreld het haarself egter nie verbeter nie, maar het langsamerhand weer in **afgodery** verval en wou **altare**, `n **sigbare godheid en baie seremonies** hê.

[8] Toe het die Meester die spel onder Moses byeengeroep en daar het `n **tweede gooi** plaasgevind.

[9] Aanvanklik het dit daar uitgesien asof dit sal standhou, maar net éénkeer het Moses sy rug gedraai, of die goue kalf is al klaar!

[10] Toe het die meisie eers regtig begin twis, waarop die dreigement dan daadwerklik in alle erns uitgevoer is!

[11] En so was die sondvloed dus veeleer `n baie kragtige dreigement as in `n sekere sin `n straf.

[12] **Maar die straf van die volk in die woestyn was `n egte straf**, daar dit deur die vuur geskied het, soos eertyds in Sodom.

[13] Na die gooi gaan die spel voort. Eerlik gesê, gaan dit in die begin goed, maar uit pure vrees; in hierdie spel **ontbreek immers die moeder, die liefde, wat weggegaan het omdat sy nie mag heers nie.**

[14] Tot op hierdie tyd het die Mosaïese spel geduur en dit het homself uitgeput deur louter opstande en voortdurende vrees.

[15] Opnuut het die Meester die klein skare byeengeroep; **daar is gegooi** en die **Meester het Kind** geword.

[16] Toe het die liefde (**die wêreldse meisie**) gekom en uiting gegee aan `n sekere vreugde oor die magtelose toestand van die Meester.

[17] Die liefde het nou ook gegooi en dit het haar geluk om die **eerste tree van die troon** te bereik.

[18] **En toe het sy die Meester tot die dood toe vervolg en Hom gedurende duisend en byna negehonderd jaar geen rus gegun nie en iedereen teen Hom opgestook!**

[19] Maar toe het die gevestigde wêreldheerskappy self ingesien dat dit nie langer so sou kon voortgaan nie.

[20] En die **laaste gooi** het plaasgevind: **Die Meester het weer soos die Meester van ouds geword; vol van die gloeiendste ywer het Sy plek geword en vol van barmhartigheid Sy gooi!**

[21] **En die hele volk sal vanuit die kinderlike stand Hom as Vader erken, as Hy die volk as Vader in die volle mag van Sy liefde steeds nader en na homself toe sal trek!**

[22] En dit sal die **laaste gooi** wees, daarna sal daar geen verdere gooi meer volg nie! **Want die Vader sal dan vir ewig Vader wees!**

## DIE JEUG VAN JAHSHUA

**Die aand op die lieflingsheuwel van Josef - Jakob gee die klein Jesus dikmelk met heuning te ete - Die vlieg in die heuningpot –Jesus se diepsinnige woorde oor Jesaja 7:15-18 (21 Mrt 1844)**

**Hoofstuk 171** Teen die aand van hierdie dag, wat - soos reeds gesê – die dag voor die Sabbat was, het Jakob die Kindjie geneem en na die lieflingsheuwel van Josef opgegaan.

[2] Gou het Josef en Jonathan die voorbeeld van Jakob gevolg en het ook die heuwel opgegaan.

[3] Soos gewoonlik het Jakob vir die Kindjie **dikmelk** en **heuning** in `n klein houertjie met hom saamgeneem, en `n stukkie **koringbrood**,

[4] waarvan hy die Kindjie af en toe `n stukkie in die mond gestop het, want die Kindjie het die graagste `n stukkie brood met heuning of botter geëet.

[5] Maar toe Jakob sy houertjie op `n bankie neergesit en vrolik met die Kindjie op die gras van die sagte heuwel gespeel het,

[6] het daar gou enkele bye en vlieë die houertjie kom besoek en lustig begin om aan die soet inhoud te smul.

[7] Toe Josef dit opgemerk het, het hy aan Jakob gesê: “Gaan en dek die potjie tog met iets toe, anders sal die inhoud gou deur bye en vlieë opgeëet word!”

[8] Jakob het vinnig met die Kindjie hierheen gekom en wou die besoekers uit die houertjie wegjaag, maar hulle het hom gehoorsaam nie.

[9] Toe het die Kindjie gesê: “Jakob, gee die houertjie aan My, dan sal Ek sien of die vlieë en die bye ook aan My ongehoorsaam sal wees!”'

[10] Jakob het nou aan die Kindjie die houertjie in die hande gegee en Hy het driemaal ksjt - ksjt - ksjt - in die houertjie gesis en op dieselfde oomblik het die vlieë en die bye verdwyn.

[11] Daarna het Jakob aan die Kindjie `n stukkie brood met botter en heuning gegee en die Kindjie het dit geneem en dit tevrede opgeëet.

[12] Maar Jonathan, wat tevore met Josef allerlei dinge uit die Egiptiese wysheid van simbole (taal wat uit tekens bestaan het) bespreek het, het hierdie handeling opgemerk, wat sekerlik onbeduidend skyn te gewees het, en aan Josef gevra of daarin ook een of ander diepsinnige wyse betekenis sou lê.

[13] En Josef het geantwoord: “Dit glo ek bepaald nie, want nie in elke klein handeling lê `n verborge wysheid nie.

[14] Altyd wanneer iemand botter en heuning geopend neersit, sal daar steeds bye en vlieë aankom en daarvan eet!

[15] `n Mens sou hierdie verskynsel, soos duisende ander, wel by goeie geleenthede in gelykenisse kon gebruik, maar op homself geneem is hierdie handeling onbeduidend!”

[16] Maar nou het die Kindjie na Josef toe gehardloop en baie vrolik gesê:

[17] “My liewe Josef, hierdie keer het jy `n slag in die lug geslaan!

[18] Wat lees jy in Jesaja (Jesaja 7:15-18)? Staan daar nie oor My geskryf:

*'15 Dikmelk en heuning sal Hy eet as Hy weet om te verwerp wat besoedel is en om te kies wat suiwer is.*

*[19]16 Want voordat die Seuntjie weet om te verwerp wat besoedel is en te kies wat suiwer is, sal die Adamah waaroor jy treur verlate wees, uit die aangesig van haar twee konings.*

*[20]17 [Maar] JaHWeH sal oor jou en jou volk en die huis van jou vader dae laat kom soos daar nie gekom het van die dag dat Efraim van JeHûWdah afgeval het nie - die koning van Assur!*

*[21]18 En in dié dag sal JaHWeH vir die vlieë fluit wat aan die einde van die strome van Egipte is, en die bye wat in die Aarde van Assur is;*

[22] Sien jy, Josef, wat in hierdie woorde van die profeet vervat is, dit is ook in hierdie handeling opgesluit,

[23] maar die tyd van die onthulling het nog nie aangebreek nie, hoewel dit nie meer ver is nie!

[24] Ken jy egter die Seun van die profetes, wat “spoedig roof, haastig buit” heet?

[25] Ken jy die Seun, wat deur `n maagd gebaar sal word, wat Hom 'Immanuel' sal noem?

[26] Sien jy, dit is Ek alles! Maar julle sal dit alles nie eerder volkome verstaan nie, totdat Ek as 'spoedig roof', 'haastig buit' en as 'Immanuel' vanaf die hoogte vader en moeder sal roep!”

[27] Nou het die Kindjie weer na Jakob toe gehardloop. Josef en Jonathan het mekaar met groot oë aangekyk en kon hulle nie genoeg verwonder nie oor die woorde van die Kindjie en oor die merkwaardige figuurlike ooreenkoms tussen die voorafgaande handeling en die beeldspraak van die profeet.

# Lesing 4 - 3 Junie 2020 - Verhale uit die "Jeug van JaHshua" aan J Lorber gedikteer

**Die Drie dae van JaHshua in die Tempel - Hoofstuk 3**

1. Toe Ek op hierdie wyse spreektyd verkry het, spreek Ek met die ouderling en skrifgeleerdes, wat vir My aangedui het, dat Ek nou moet praat en moet vra wat Ek wil en hulle sou my nou pligsgetrou antwoord. En sodoende het Ek dan weer begin met bogenoemde eerste vraag en sê: "Julle skynbaar selfversekerd geplaasde woorde kan nie die see tot rus laat kom nie en die gesuis van die winde stilmaak nie! Net 'n blinde sal niks agterkom van die tekens van die tyd nie en as stokdoof kan hy ook nie die magtige dreuning hoor van die geskiedenisdonderslag van die mees gedenkwaardige tyd van die hele aarde nie. Terwyl reeds Karmel en Sion voor die aankomende Koning van eer hulle hoofde gebuig het en **Horeb uit sy hoë beker melk en heuning laat vloei het**, weet julle, wat veronderstel is om eerste daarvan te weet en die wagtende volk daarvan te vertel, nie 'n enkele woord nie!"

2. Nou het almal groot oë gemaak en kyk dan vir My en dan weer vir mekaar en het nie geweet, wat hulle vir My moes antwoord nie.

3. Na 'n tydjie sê een: "Nou praat jy dan verder oor dit wat jy daarvan weet!"

4. Sê Ek: "Vir seker weet Ek, wat Ek weet; maar daarom het Ek geen vrae aan julle gerig om dit vir My te laat verduidelik, wat Ek alreeds weet, maar net, dat julle vir My wys, wie die Profeet JeshaJaH se swanger maagd is, van wie juis die Hoogste El moes gebore word! Hoekom sal sy vir Hom die naam '**ImmanuEl'** (El met ons) gee? - Hoekom sal Hy **melk en heuning** eet, om die besoedeling te verwerp en die suiwere te kies? Dit moet julle as skrifgeleerdes dan tog verstaan, wat die Profeet bedoel met die swanger maagd, wat die aangewese seun sal baar!

5. Ek is tog van mening, dat agter die Bethlehemse geboorteverhaal bietjie meer steek as wat julle meen en dat die ouerpaar, die bekende timmerman Josef van Nasaret en die maagd wat later sy getroude vrou geword het, saam met die seun wat in Bethlehem gebore is, nog heel lewendig is; want hulle het deur 'n wyse plan van die destydse Romeinse Kaptein Cornelius die latere grusaamhede van die ou Herodes ontglip en leef nou veilig in Nasaret in Galilea.

6. Dit weet Ek as 'n Seun van twaalfjarige ouderdom en vir julle, wat tog alles weet, is dit onbekend - terwyl Josef as een van die beste timmermansmeesters nog al die jare in Jerusalem iets gekry het om te doen en julle hom wel goed ken, net soos sy vrou, wat afkomstig is van Jerusalem en tot haar veertiende jaar in die Tempel opgevoed was? Is sy dan nie die dogter van Anna en Joachim, wat volgens julle kronieke aantekeninge, op 'n wonderbaarlike manier in die wêreld gekom het? Anna was reeds op 'n hoë ouderdom en sonder 'n wonderwerk sou 'n bevrugting ondenkbaar gewees het!

7. Nou, hierdie ouerpaar saam met die nuutgebore Seun het vir drie jaar lank, eers nadat hulle uit Bethlehem gevlug het, in Egipte gewoon en dit in die nabyheid van die dorpie Ostrazine, volgens die ou-egiptiese taal Austrazhina, wat beteken 'Werk van Skrik', dus 'n kasteel, wat vir alle vyande tydens die farao's die dood gebring het. Later het die magtige vyande van die ou Egipte hierdie Plek van Skrik soos baie ander verower en daar het in ons tyd van die destydse Plek van Skrik niks oorgebly nie, as net die ou, onbelangrike naam, vir wie die Romeine natuurlik 'n ander betekenis gegee het as die ou Egiptenare.

8. Alleen daaraan is niks geleë nie, maar Ek het hierdie aan My bekende geskiedenis daarom genoem, om vir julle die driejarige woonplek van die ouerpaar onder bespreking van naderby te beskryf. Van daar af het hulle volgens 'n geheime hoër aanwysing weer terug na Nasaret getrek, waar hulle nou volkome godgehoorsaam in die mees moontlike teruggetrokkenheid leef, ofskoon van die Seun wat daar woon, wat ook Ek die eer het om baie goed te ken, allerhande wonderbaarlikhede vertel word. Want selfs die elemente is gehoorsaam aan Hom en die wildste diere van die woude en die woestyn vlug voor sy aangesig, erger as voor 'n duisend jagters. Want in dié opsig is hy 'n duisendvoudige Nimrod! - En daarvan wil julle in alle erns voorgee om niks te weet nie?! Sê dit nou vir My opreg en in alle waarheid, of julle in alle erns niks daarvan verneem het nie?!"

9. Sê toe een van die ander ouderlinge, wat van 'n bietjie beter gesindheid was: "Ja, daarvan het ons wel iets gehoor, so ook, dat die aan ons welbekende timmerman met sy jong vrou Miriam hom permanent in Nasaret gevestig het! Maar of die wonderseun wel dieselfde is, wat twaalf jaar gelede te Bethlehem in die stal gebore was, dit weet ons nie en twyfel ook baie daaraan, dat hy dieselfde is! En hoe sou daardie Seun dan ook die ImmanuEL van die Profeet wees?"

10. Sê Ek: "Indien Hy dit dan nie is nie, waarvandaan kom dan die mag, wat Hy oor al die elemente uitoefen? En wie is die Profeet se 'maagd' en wie die 'ImmanuEL'?"

11. 11] Sê die ryk man van Bethlehem: "Luister, hierdie Seun het dan 'n reuse verstand! In die gees wil dit my voorkom asof hy dalk 'n jong EliJaH kon wees, wat daardie wonderseun van Nasaret vooruit stuur, om vir ons almal op die komende ImmanuEL van die Profeet voor te berei! Want wanneer het ooit een van ons beleef, dat behalwe Samuel, 'n kind van twaalfjarige ouderdom so wys gepraat het?!

12. Daarom moet julle met hierdie Seun 'n meer volledige gesprek voer, andersins sal ons nie van die kind ontslae raak nie! Die Profeet moet julle beslis op 'n meer duideliker wyse verduidelik en ook aantoon, hoe dit met die maagd Miriam, die wonderbaarlike

dogter van Joachim en Anna, staan, wat teen die einde al hulle aansienlike besittings aan die Tempel oorgegee het toe hulle gesterf het. In werklikheid het die Tempel dit as vergoeding vir die opvoeding van die dogter Miriam met geweld as 'n eiendom sonder eienaar in eie beslag geneem.

13. Hoe beskou julle dan in alle eerlikheid daardie maagd? Wanneer van 'n Profeet iets gesê kan word, dan sou die tyd wat deur hom aangewys is, nou daar wees en die wonderbaarlikhede van die maagd onder bespreking kan nie meer ontken word nie! As daar tog iets daaraan sou wees, dan sou dit ook ongetwyfeld goddeloos van ons almal wees, as ons nie dieper en nader daarop sal ingaan nie!"

14. Sê die ouderling wat hom vererg het: "Dit verstaan jy nie en praat daarvan, deur die Seun 'n voorskot te gee, soos 'n volkome blinde mens van die groot prag van die mooiste kleure!"

15. Sê Ek tussenin: "Dit is nou werklik 'n eienaardige saak, dat 'n honger mens dink, dat almal honger moet wees wat hy ontmoet! 'n Dom mens beskou steeds die ander mense as nog dommer as wat hy self is. Vir die blinde is elke skerpsiende mens blind en vir die dowe is elke ander mens doof!

16. Glo jy ou korrelkop, dat behalwe vir jou geen ander mens iets kan weet nie? O, daar misgis jy jou geweldig! Sien, Ek is net 'n Seun en kon vir jou dinge, wat volkome waar en korrek is, vertel en verduidelik, waarvan jou nukkerige wysheid waarskynlik nooit iets gedroom het nie!

17. Waarom moet My welaf Simon van Bethanië, wat Indië, Persië, die Arabiese lande, Egipte, Spanje en Rome en Athene besoek het, nie ook iets weet nie, waarvan jy nog nooit iets oor gedroom het nie?! Indien dit so is, met watter reg wil jy vir hom as onkundig beskuldig?! - Maar Ek sê vir jou, dat hy heeltemal reg geoordeel het en julle moet derhalwe doen, wat hy vir sy baie geld van julle verwag!

18. Indien iemand 'n kneg huur vir werk, dan moet die kneg dit doen, waarvoor die werkgewer hom aangestel het. Wil die kneg dit nie doen nie, of kan hy dit nie, dan sal die werkgewer beslis die reg hê, die onderhandelde loon van die lui of onkundige kneg terug te vra! - Julle het vir julle goed laat betaal - en wil in ruil daarvoor niks doen nie, of kan dit nie! Het Simon nou nie die reg, om sy vir julle gegewe vergoeding terug te vra nie?"

19. Sê 'n aanwesige Romeinse regskundige, Kommissaris en Regter: "Daar kyk nou net vir die Seun! Hy is dan 'n volmaakte juris en kon onmiddellik 'n regter in alle regsake wees! Sy regspreking is volkome op ons regstelsel gegrond en wanneer Simon uit Bethania dit van my verwag, moet ek hom onwillekeurig die 'Exequatur' ('dit word voltrek!') gee!"

20. Daarna kom hy na my, liefkoos en druk vir My en sê toe vir My: "Luister, my liefste, krulkop Seun, ek is heel verlief op jou! Vir jou wil ek sorg met al my besittings en vir jou tot iets groots opvoed!"

21. Sê ek: "Dat jy My liefhet, weet Ek baie goed - want in jou klop daar 'n getroue, suiwer hart. Jy kan egter ook verseker wees, dat ook Ek baie lief is vir jou! Maar oor My onderhoud hoef jy jou nie te kwel nie, want daar is reeds Iemand, wat Hom daaroor bekommer!"

22. Maar ook Simon van Bethania het na my toe gekom en vra heel verbaas vir My: "Sê vir my, jy my mooiste, liefdevolste en suiwer Seun, hoe het jy geweet, wat my naam is en waar ek orals reeds was!"

23. Sê Ek: "O, moet nie daaroor verbaas wees nie, want indien Ek iets wil weet, dan lê dit reeds in My natuur, dat Ek dit weet! Die 'hoe' sou jy nou nog nie verstaan nie! - Maar nou weer terug na die saak en ons 'maagd'! Wil julle priesters en skrifgeleerdes dit nader belig of nie?"

24. Sê een met 'n meer helder kop uit die aansienlike aantal van ouderlinge: "Ja, ja, dit sal nou nie anders kan, as om te begin om die Seun skoon wyn te skink nie en so verduidelik ons aan hom sy JeshaJaH volgens die ooreenkomstigheidsleerstellings van die Kabbala en hy sal dan geen uitweg tot verdere vrae meer hê nie!"

25. Daarop staan 'n wys geagte skrifgeleerde op en sê: "Nou, jy weetgierige seun, neem jou sintuie bymekaar en luister en verstaan: Onder 'maagd' het die Profeet nie 'n maagd van vlees en bloed bedoel nie, maar net die boodskap, wat Elohim deur Moshè vir die kinders van hierdie wêreld gegee het. In die nouste sin stel ons priesters nou hierdie boodskap en die wet lewendig voor.

26. Maar ons, as die lewendige woord van Elohim, is vol van die beste hoop, dat hierdie leerstellings nou in die hele wêreld van ons af uitgebore gaan word en die ongelowiges daardeur verkwik gaan word. En hierdie lewendige, ware hoop is die swangerskap van die maagd wat deur die Profeet bedoel is; maar die seun, wat sy moet baar, is juis al die ongelowiges, wat ons leerstellings sal aanneem en hulle sal dan sê en dus genoem word: 'ImmanuEl", dit is, 'El is ook met ons!' En dit het reeds voor ons tyd gebeur en gebeur nou des te meer lewendiger en met meer ywerigheid!

27. Maar hierdie seun sal heuning en melk eet en hy sal die besoedeling verwerp en die suiwere kies. Onder 'heuning' het die Profeet die suiwer Liefde verstaan en die ware suiwerheid daaruit en onder 'melk' het hy die Wysheid uit Elohim bedoel, wat die mens kry deur die nakoming van die leerstellings en die wet; en het 'n mens die Liefde en die waarheid uit Elohim lewendig sy eie gemaak, dan verafsku jy ook uit vrye wil die besoedeling en wil en verkies die suiwere!

28. Sien, jy my liewe seun, dus hoe dinge staan volgens die innerlike wysheid en waarheid met die Profeet se geestelike woorde en spreuke en toesprake! Hulle het almal net 'n innerlike,

geestelike betekenis, maar wat net vir die werklike skrifgeleerde uit die materiële simbole en beelde deur die getroue en ware leerstellings van ooreenkomstighede bepaal is. 'n Leek kan dit nie - en kon hy dit, dan sou alle hoër skole heel onnodig gewees het en Moshè sou nie nodig gehad het om, vir die instandhouding van die leerstellings en die wette van Elohim, priester en skrifgeleerdes aan te stel nie! - Verstaan jy nou hierdie alleen ware en korrekte verduideliking van jou Profeet wat jy verkeerd verstaan het?"

## Hoofstuk 4

1. Sê Ek JaHshua: "O ja, dit wat jy nou heel goed gestel het, het Ek al lankal geweet en jy kon vir jou daardeur die ernstige moeite gespaar het om dit vir My te vertel. Ek bly nou eenmaal daarby staan en laat die maagd Miriam nie uit die oog verloor nie!

2. Waarom sê dan die Profeet (Jes.9,5-6): "Daar is 'n kind vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee, wie se heerskappy op sy skouers is en Hy heet: Wonderbaarlik, Raad, Krag, Held, Ewige Vader, Vors Van Vrede; sodat Sy heerskappy groot word en die vrede geen einde het op die stoel van Dawid en in sy koninkryk nie, dat Hy dit voorberei en versterk met die oordeel en geregtigheid van nou af tot in ewigheid! - Dit sal gedoen word deur die ywer van JaHWeH van die Skeppingsleërmag."

3. Wat is die kind en wat is die seun, wat vir ons gegee is? Kon dit nou nie tog daardie in Bethlehem in 'n stal gebore Seun wees nie? Want dit lees ook: "Te Bethlehem in 'n stal sal vir JeHûWdah 'n koning gebore word; hy sal 'n nuwe ryk stig, wat vir ewig nie 'n einde sal hê nie!" - Hoe verstaan jy Kabbalis, dit nou alles?"

4. Verward kyk hulle vir mekaar en sê: "Maar waarvandaan het die Seun die skrif dan sodanig sy eie gemaak? Daar bestaan in geheel net uiters weinig afskrifte en volmaaktes net skaars tien en daarvan weet ons waar hulle is en geen leek kom in hulle nabyheid nie. Die Samaritane besit nou wel nog 'n elfde afskrif, maar wat vervals is en baie toevoegings bevat, wat suiwer Oosterse versinsels is."

5. Hierop vra 'n byterige priester vir My: "Nou sê jy vir my, wat ek vir jou sal vra: Waarvandaan en sedert wanneer het jy sodanig volledige kennis van die skrif en naamlik die profete jou eie gemaak?"

6. Sê Ek: "Om dit vir My te vra, het jy net so min die reg, as wat Ek vir jou sal vra, hoekom dit dan so is, dat jy as priester vir jou die skrif nog glad nie jou eie gemaak het nie - hetsy in woorde en nog baie minder met dade! Gee vir My antwoord op dit wat Ek vra en waarvoor daar vir jou betaal is! Oor al die ander dinge hoef jy jou weinig of selfs gladnie te bekommer nie, want vir jou het dit niks gekos nie, hetsy aan moeite of tyd en nog minder die allergeringste bekommernis of enige ander offer nie.

7. Trouens is dit vir julle geleerde amptenary hoegenaamd geen besondere eer hier in Jerusalem nie, indien die insigvolle opvoeding van 'n Seun uit Galilea sodanige groot bewondering afdwing, want daardeur wys julle vir almal, dat julle kinders hier wat opvoeding betref, skaars bokant die diereryk staan!"

8. Op hierdie bietjie dik aangemaakte opmerking van My begin die Romeinse Kommissaris hardop te lag en ook Simon kan sy glimlag nie heeltemal wegsteek nie. Maar die byterige priester staan op en gaan sit vol verdriet op 'n bank in die agtergrond.

9. Daarop sê 'n hooggeplaaste van die sinagoge in Bethlehem, wat ook in die Tempel by die kinderek-samen teenwoordig was: "Ek kan reeds sien, dat ek hier moet begin om raad te gee, andersins sal ons met hierdie Seun nie regkom nie! Hy het nou die gekoopte reg om ons vir 'n week lank te ondervra; en ons moet hom dit toestaan, of ons dit nou wil of nie! Gee hy vir ons dan reeds met sy eerste vraag so baie probleme, wat moet ons dan eers verwag wanneer hy met sy volgende en hoofvrae vorendag kom!

10 Verstand het hy genoeg en 'n groot hoeveelheid humor ook en ons sal nie met hom regkom nie, indien ons nie dit wil wat hy wil nie. Hy wil nou eenmaal die ware verloop hê, oor die geboorte van 'n Seun twaalf jaar gelede in 'n skaapkraal by Bethlehem en dit kan ek vir hom verskaf, omdat ek destyds, soos nog vandag, die hoof van daardie sinagoge is!"

## Hoofstuk 5

1. Hierop het die Hoof na My toe gedraai en gesê: "Dit is mos so, jy wil al die presiese datums en gebeure van die gedenkwaardige geboorte te Bethlehem van ons weet?"

2. Sê Ek: "O, daardie moeite en arbeid kan jy vir jou gerus spaar, want alles is aan My baie getrou en in waarheid bekend soos aan niemand van julle nie! Ek wil net van julle na alles, wat destyds in Bethlehem gebeur het, weet, of en in watter samehang julle dit met die verklaring van alle profete sien en naamlik met die getuienis van JeshaJaH. Daaroor gaan dit en oor niks anders nie, My ouderlinge!"

3. Sê die Hoof uit Bethlehem: "Ja, jy my liewe, dierbare Seun, sien, jy verwag daar dinge van ons wat ons net baie moeilik of ook glad nie in staat is om vir jou te gee nie!

4. Dit is waar dat tussen die verklarings van die profeet JeshaJaH en die geboorte in die stal wat twaalf jaar gelede in Bethlehem plaasgevind het - waar die plek ook deur 'n profeet genoem is - 'n tipe verband onmisbaar gesoek kan word en juis nie maklik gevind kan word nie; maar, my liewe Seun, hoeveel soortgelyke gevalle mag

reeds sedert die tye van die profeet JeshaJaH voorgekom het en nog is van ene ImmanuEl liggaamlik geen spoor te sien nie!

***Miga 5:2*** *En jy, Beth-Legem (Bethlehem) Éfrata, klein om te wees onder die duisende van JeHûWdah,* ***uit jou sal daar vir My uitgaan Een wat 'n Vors in JisraEl sal wees; en Sy afkoms is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid****.*

*5:3 Daarom sal Hy hulle prysgee tot* ***op die tyd dat 'n Barende gebaar het****. Dan sal die oorblyfsel van Sy broers saam met die kinders van JisraEl terugkeer.*

5. Judea was so te sê reeds meermaal sonder konings en verskeie maagde in Bethlehem het in ‘n stal ‘n kind gebaar en soms ook onder - ofskoon net toevallig - groot seremonie, maar wat net as ‘n natuurverskynsel op sy eie geïsoleerd gebeur het.

6. Swak en bygelowige mense onder toetrede van winsgierige towenaars uit Indië en Persie en sterrelesers, waaraan daar by ons nog nooit ‘n tekort was nie, het geweet hoe om so iets te benut. Vertroud met die sages van die profete, het hulle steeds sulke uitsonderlike geleenthede benut en aan die blinde manne van JeHûWdah verkondig, met die ernstige uitdrukking van ‘n profeet, hoe hulle lank verwagte Gesalfde nou onmiskenbaar in die wêreld gebore is.

7. Maar die tyd, die ongevraagde vernietigende element van alle adamitiese werke en sages en versinsels het die jonger geslag steeds weer tot beter insig gebring. Alles het in die bodemlose diepte van steeds groeiende vergetelheid weggesink en vir ons het niks oorgebly as ‘n ydel sage gehul in die grootste moontlike verwardheid! Die verklarings van die profete is mistieke beelde, waaraan die mense nog honderde van jare sal knaag; maar beswaarlik sal ‘n volk op hierdie aarde ‘n oplossing vind.

8. En sien jy, my dierbare Seun, net so staan sake met die wonderbaarlike geboorte te Bethlehem twaalf jaar gelede, in die oord wat baie bekend is aan my, wat juis daarom, omdat die profete dit so baie genoem het, steeds van allerlei towenaars, sieners en sterrelesers besoek word, om te sien of daar nie dalk iets sal gebeur wat hulle vir hulle eie voordeel kan uitbuit nie. Die geboorte twaalf jaar gelede was baie water op hulle droë lande.

9. Die drie towenaars uit Persie het hulle geskenke aan die maagd gegee en wat ek wel weet, ‘n groot aantal skape, kalwers, koeie en osse as teenvergoeding van die herders gekry en het hulle hul reis beslis nie verniet gemaak nie. Maar nou het twaalf jaar al verloop en reeds dink geen mens meer aan die verhaal nie!

10. Dat jy vir ons uit die dromerland Galilea hierdie verhaal weer opgedis het, is nie vir my in die minste snaaks nie, want Galilea was steeds die land van dromers, met watter rede dit ook reeds van die voorvaders as ‘n land beskryf is, waaruit nooit ‘n ware profeet sal opstaan nie.

11. Daarmee, my dierbare Seun, glo ek ook dat ek jou sogenaamde eerste vraag volledig beantwoord het! Dit kan wel wees, dat eendag JaHWeH vir die nou baie onderdrukte JeHûWdah ‘n held sal opwek, wat hulle weer tot ‘n vrye volk sal verhef; maar daarvoor is juis nou volgens die heel natuurlike verloop van sake nie die geringste vooruitsigte teenwoordig nie.

12. Hoe moes so ‘n held dan gelyk het en van waar af moes hy gekom het, wat dit met die ongelooflike mag van die Romeine kan opneem?! Dit kan dalk in duisend jaar eenmaal gebeur, indien toevallig dat al die ander wêreldmagte, nes Rome, los en swak word - maar nou is daarvoor nog lank geen vooruitsig voorhande nie en jou aangeraakte eerste vraag gaan nou klaarblyklik oor in blou lug, wat wil sê: dit handel oor niks en vergaan ook in absoluut niks nie. - Het jy nou uiteindelik helderheid oor jou eerste vraag?”

13. Sê Ek: “Ja, Ja, wanneer jy alles volgens die maatstaf van hierdie wêreld beskou, dan mag jy reg wees. Maar hier moet net ‘n geestelike maatstaf gebruik word, waarvan jy blykbaar geen begrip het nie en sodoende het jy vir My met jou hele toespraak, wat voorgee om baie ryk aan ondervinding te wees, ten slotte met betrekking op My eerste vraag net so min soos niks gesê nie!

14. Want indien die Gesalfde sal kom, sal hy geen materiële nie, maar net ‘n geestelike ryk op aarde stig en daardie ryk sal geen einde hê tot in ewigheid nie, soos ook die profeet JeshaJaH vir die komende Gesalfde voorspel het.

15. Maar wat is ‘n geestelike ryk op aarde? - Dit is nie ‘n ryk met ‘n uiterlike skouspel nie, maar moet inwendig in die mens geopenbaar word en ‘n mens, wat in daardie ware ryk van Elohim op aarde onder die mense sal kom, sal waaragtig lewe en sal die dood nie sien nog voel en proe tot in ewigheid nie, soos Dawid, Daniël en JeshaJaH voorspel het.

16. Wanneer dinge met die beloofde Gesalfde nou so staan en nooit anders kan wees nie, hoe en om watter rede sal dan daardie baie ongewoon wonderbaarlike geboorte te Bethlehem dan sonder betekenis wees?!

17. Elohim het daardie kind wonderbaarlik voor die moordende hand van Herodes beskerm en Hy leef tans, natuurlik uiters teruggetrokke en hy staan waar Hy moet wees, in ‘n gebiedende krag wat vir alle elemente is soos wat dit slegs vir ‘n El moontlik kan wees. Niemand kan vir Hom wegkruip nie; maar verberg Hy Hom voor die mense, dan is dit ook vir niemand moontlik om Hom te vind voordat Hy Hom nie vrywillig laat vind nie.

18. Hy het nooit geleer om te lees en te skryf nie en tog is daar geen skrif in die wêreld wat Hy nie kan lees nie en hy skryf in alle tale en is bekend met alle kunste, wat net enigsins in die wêreld teenwoordig

kan wees en het 'n krag, waarvoor die berge bewe en die magtigste seder sy hoof tot op die aarde moet buig en selfs die son, maan en sterre blyk gehoorsaam te wees aan sy wil! - Wat Ek hier sê, is nie oordrewe nie, maar in geheel woordeliks die waarheid!

19. Maar wanneer dit presies so is en nie anders nie, dan is Ek tog van mening dat dit van julle kant die moeite werd behoort te wees om vir julle meer kennis daaroor in te win en daaroor te lees in die profete, of die profesieë van JeshaJaH nie dalk ooreenstem met dié spesifieke ouers van die kind, met die kind self, met sy geboorte, met die plek van geboorte, met die tyd, met sy huidige woonplek en met verskeie tekens, wat Hy alreeds van Hom Self gegee het nie!

20. Hierdie op sigself beslis nie onbelangrike saak moes van julle priesters, wyses, skrifgeleerdes en ouderlinge van die volk tog nie sodanig onopgemerk bly nie, aangesien julle tog daardie posisies in die volk beklee, van waar die volk die duidelike aankondiging oor die aankoms van die Gesalfde wat aan hulle beloof is, uitsluitlik en met alle reg moet verwag. - Ek praat volgens My duur gekoopte reg en niemand kan vir my sê om stil te bly nie! Daar staan die Romeinse Regter, aan wie alleen die reg toegestaan is!"

21. Ek sou hierdie aanspraak op die Regter nie gemaak het, indien daar nie gedurende die vloei van My antwoord 'n ou, baie trotse fariseër vermaan was om stil te bly nie en dat hierdie dinge is waaroor 'n voorbarige varkoppasser van Galilea beslis nie moet oordeel nie.

22. Maar die Regter, wat ten volle aan My kant was, het die fariseër ernstig berispe oor sy grofheid en het hom verbied om weer met sodanig gemene heerstaal in sy teenwoordigheid na vore te kom. Want My aankondigings oor die Wonderseun wat in Nasaret woon, is ook netso belangrik vir die Romeine, as al hulle verslete en baie dun jode-gedoentes. Hy sê toe vir die fariseërs reguit in hulle gesigte:

23. "Julle leerstellings het soos geen ander op die hele wye aarde 'n totale reformasie nodig, andersins sal dit werklik geen vyftig jaar meer hou nie! Want soos Elohim se leerstellings en julle erediens nou daar beoefen word, is in vergelyking daarmee Rome se Bacchanalia 'n ware son, ofskoon dit as verering van 'n hoër Elohimwese as 'n ware misgeboorte van die adamitiese verstand beskou kan word!

24. Jy, dierbare Seun, praat maar net heel hartlik voort! Daar sal geen leed aan jou toegevoeg word nie, want daar blyk in jou meer verstand te wees as in hierdie hele Tempel! Daarom praat net, my liewe Seun!"

## 4.6.20 - Lesing oor 5G wat nou hier in werking gestel word - Ons ENIGSTE beskerming

### THE WIFI KILLSHOT by J.E. Ante

5G at 60Ghz resonates with the oxygen molecule and gives oxygen a reverse polarity that makes it much less usable to the human body. At high concentrations of 5G usage you get suffocation of humans at street level. And at lower doses you get flu like symptoms which are the exact same symptoms as the flu with this lowered oxygen uptake by the body. But the way 5G kills is much more interesting.

Our bodies have trillions of parasitic organisms inside which feed on us and some say help us live by doing many useful functions. But when these bacteria, fungi, and parasites are subjected to any WIFI microwave radiations they are harmed and begin reproducing toxins in self defence. These organisms begin reproducing rapidly to ensure their survival. And so we get flu like symptoms from these internal parasite organisms under attack from WIFI microwave radiations reproducing rapidly and excreting toxins. This is the real illness people are getting not a bio-weapon coronavirus.

2G has ten microwave frequencies assigned to it, 3G has ten also, 4G has five frequencies with some overlaps, but 5G has 3000 microwave frequencies assigned to it by the FCC. Why so many? So 5G should really be called 297G not 5G. So with this 5G rollout in China, Korea, Italy, Iran, and cruise ships we have the greatest concentrations of 5G usage and the greatest concentrations of illness and death in the world. Our internal parasites are like canaries in a mine and are being killed off rapidly from this 5G usage. When this happens too quickly the body can not get rid of the increased toxins and the host (you) die from toxaemia. Our human cells are all tied together and form a much stronger union but our many parasitic hosts inside us are much more isolated within us and much more vulnerable to this WIFI microwave radiations. They try to survive by multiplying rapidly and making toxins to protect them from harm but it is no use and they die with 5G. And with their rapid death our bodies (at least of older and less healthy human) are overwhelmed by toxins very quickly and die from the combined effects of lowered oxygen uptake from 5G, and also from the massive overpopulation, and then die off of our internal biomass of germs and parasites, which creates overwhelming toxaemia.

When the Chinese locked down the people in Wuhan they turned to their new 5G phones and internet connections and so the city was flooded with much more 5G WIFI radiations and made many more people fall sick and die. Many people even fell sick instantly at street level from oxygen deficiency which previously had no sickness. A massive cloud of 5G 60Ghz microwave radiations caused oxygen in the air to fall below critical levels for survival.


Yesterday all of Asia turned off their 5G and left on only their 3G and 4G systems to communicate so they know 5G is the real cause of the illnesses.

So turn off your smartphones or put them in an aluminium pouch until you need to use them to lessen radiation exposure to yourself and everyone else.

That is the real thing you must do instead of washing your hands to protect others.

And if you would heal your elderly and grand parents put them in a Faraday cage where they will not be irradiated constantly by WIFI signals that are all around us especially in hospitals. Then their sick bodies may heal themselves in time as the toxaemia clears from their bodies.

All of my 150 plus articles can be reprinted and translated anywhere without permission. -- J.E. Joe Ante






# Lesing 5 - 6 Junie 2020 - Verhale uit die "Jeug van JaHshua" aan J Lorber gedikteer

### Cirénius en Josef wedywer in liefde om die heil van `n mensesiel –Josef se woorde oor broeder- en menseliefde - Waarom ons mense twee oë, twee ore, maar net één mond het op 7 Nov 1843

**Hoofstuk 62:1** In die aand het Cirénius aan Josef gesê: "My vriend, my goddelike broer, hoe spyt dit my, dat ek nie vandag by jou kan oornag nie!

[2] En ek betreur dit, dat ek my môre tot aan die middag aan staatsake moet wy!

[3] Maar môremiddag rondom drieuur sal ek met Maronius weer na jou toe kom, dan kan jy na my oorsigtelike uitleg **hom meer apart en dieper inwy**!

[4] Want kyk, ek heg daar baie waarde aan dat hierdie mens wat andersins so ryk is aan kennis gered word **deur die gewyde lewenskool van jou Elohim**, wat ek as die enigste ware en lewende beskou!"

[5] En Josef het gesê: "Ja, verhewe vriend, dit is reg en billik, want vir die Meester is daar niks aangenamer as **dat ons ons vyande met liefde behandel** en **sorg dra vir hulle tydelike en ewige heil!**

[6] Beskou ons elke sondaar as `n **afgedwaalde broer**, dan sal Elohim ons ook as Sy **afgedwaalde kinders** beskou,

[7] in die teenoorgestelde geval egter slegs as **boosaardige skepsele**, wat altyd aan Sy **oordele** onderwerp is en gedood word soos eendagsvlieë.

[8] Want kyk, daarom het die Meester ons mense **twee oë** gegee en net **één mond** om mee te praat, sodat ons met die een oog die mense slegs as **mense**, en met die ander egter as **broeders** sal sien!

[9] Indien die mense ons faal, dan moet ons die **broederoog geopend hou** en die menseoog sluit;

[10] indien die broeders egter voor ons faal, dan moet ons die **broederoog sluit** en **die menseoog op onsself rig en op hierdie manier onsself as falende mense teenoor die falende broeder sien.**

[11] Met die een mond egter moet ons almal **één Elohim, één Meester en één Vader bely, dan sal Hy ons almal as Sy kinders erken!**

[12] Want ook Elohim het twee oë en één mond; met die een oog sien Hy Sy **skepsele** - en met die ander Sy **kinders**.

[13] Bekyk ons mekaar met die **broederoog**, dan sien die Vader ons met die **Vaderoog** aan;

[14] bekyk ons mekaar egter met die **menseoog**, dan sien Elohim ons net met die **Skepperoog** en Sy mond, **wat net een mond is, verkondig aan Sy kinders Sy liefde, maar aan die skepsele Sy gereg**!

[15] Dus is dit reg en billik dat ons vir ons broer Maronius sorg!"

[16] Hierby het Josef Cirénius en Maronius geseën; albei het daarna met hulle gevolg na die stad gegaan en Josef het sy huishoudelike aangeleenthede versorg.

### Jakobus en die 'kindermeisie' aan die wieg van die Kindjie; Sy nuuskierigheid en sy teregwysing deur die klein Heiland - Die vermoedens van Jakobus (ook Jakob genoem) wie daar in die Kindjie leef (08 Nov 1843)

**Hfs 63:1** In die aand het Miriam die Kindjie, wat al moeg geword het, in die **wieg** gelê, wat Josef alreeds in Ostrasine gemaak het.

[2] En Josef se jongste seun* moes gewoonlik die Kindjie oppas en het ook nou die Kindjie gewieg, sodat Hy sou slaap. *(Jakobus, die eerste skrywer van die boek.)

[3] Miriam het na die kombuis gegaan om `n noodsaaklike aandmaaltyd voor te berei.

[4] Die seun van Josef, wat die Kindjie gewieg het, sou graag wou hê dat die Kindjie hierdie keer ietwat gouer aan die slaap raak, **omdat hy graag buite met sy broers na die beligting van `n triomfboog sou wou gekyk het**, wat intussen nie ver van hulle huis vir Cirénius opgerig was.

[5] Hy het daarom die Kindjie ywerig gewieg en daarby gesing en gefluit.

[6] Tog wou die Kindjie maar nie insluimer nie; wanneer hy opgehou het met wieg, het Hy dadelik weer begin beweeg en het die wieger laat weet, dat Hy nog nie geslaap het nie.

[7] Dit het ons manlike 'kindermeisie' byna tot vertwyfeling gebring, want dit het buite suiwer deur brandende fakkels **al heeltemal lig** geword.

[8] Hy het daarom besluit om die Kindjie, ook al was Hy nog wakker, **vir `n rukkie alleen te laat**, om buite `n bietjie na die skouspel te kyk.

[9] Maar toe ons Jakob effens orent gekom het, het die Kindjie gepraat: "**Jakob, as jy My nou verlaat, dan sal dit met jou sleg gaan!**

[10] Is Ek dan nie meer werd as die **dwase vertoning** buite en jou **ydele nuuskierigheid** nie?

[11] Kyk, alle sterre en alle engele beny jou om hierdie diens, wat jy My nou bewys en jy is vol ongeduld jeens My en wil My verlaat?!

[12] Waarlik, as jy dit doen, dan is jy nie werd om My as broer te hê nie!

[13] **Gaan maar na buite, as jy die spektakel van die wêreld liewer het as vir My!.**

[14] Kyk, die hele kamer is vol engele wat bereid is om My te dien, as jy die klein en maklike diens aan My te lastig vind!"

[15] Hierdie woorde het Jakob skielik alle lus ontneem om na buite te gaan.

[16] **Hy het by die wieg gebly en die Kindjie om vergewing gevra en Hom weer ywerig verder gewieg**.

[17] En die Kindjie het aan Jakob gesê: "Alles is jou vergewe, **maar laat jou `n volgende keer nie meer deur die wêreld bekoor nie**!

[18] Want Ek is meer as die hele wêreld, alle hemele en alle mense en engele!"

[19] Hierdie woorde het ons Jakob tot in sy diepste wese geraak, want hy het vaag begin besef, wie daar sekerlik agter die Kind is.

[20] Toe het Miriam en Josef en die ander vier seuns van Josef ook al binnegekom en aan tafel gaan sit; Jakob het hulle dadelik vertel wat hom oorgekom het.

### Josef praat oor die liefde tot Elohim en die liefde tot die wêreld met verwysing na Dawid, Salomo en Cirénius - Die ontroering van Josef se seuns en die seën van die Kindjie JaHshua (09 Nov 1843)

64 Toe Jakob klaar was met sy verhaal, het Josef aan hom gesê:

[2] 'Ja, so is dit en so was dit ook altyd gewees en so sal dit ook altyd bly; **`n mens moet Elohim al in die kleinste dingetjies meer liefhê as al die heerlikhede van die wêreld!**

[3] Want wat het die mens ook aan al die skreiende heerlikhede van die wêreld?!

[4] Selfs Dawid moes vlug voor sy eie seun en Salomo moes ten slotte op bittere wyse die onbarmhartigheid van die Meester ondervind, omdat hy homself te veel oorgegee het aan die heerlikhede van die wêreld!

[5] **Elohim skenk ons egter elke sekonde `n nuwe lewe; hoe sou ons Hom dan nie in die kleinste dinge meer liefhê as die hele wêreld, wat vergaan en vol is van aas en afval?!**

[6] Ons onder mekaar is immers almal daarvan oortuig, dat hierdie Kindjie van ons van bo is en JaHWeH se Seun heet.

[7] Hy is dus geen geringe deel van Elohim nie; daarom is dit ook reg, dat ons Hom meer sal liefhê as die hele wêreld.

[8] Kyk eers na die heiden Cirénius! Dit is nie vir ons bedoel, wat hy vir ons doen nie, maar vir die Kindjie; want sy hart sê vir hom, dat na sy opvatting `n allerhoogste Elohimdelike wese in die nouste verhouding staan met hierdie Kindjie van ons, en dis om hierdie rede dat hy Hom dan ook vrees en liefhet.

[9] Doen `n heiden al so iets, hoeveel te meer moet ons dan dieselfde doen, **terwyl ons presies weet vanwaar die Kindjie gekom het en Wie Sy Vader is**!

[10] **Daarom moet ons aandag altyd op die Kindjie gerig wees, want die Kind is meer as ons en enigiemand anders!**

[11] Neem julle `n voorbeeld van my en kyk, welke swaar offers ek, `n ou man, al alles gebring het vir hierdie Elohimdelike kind!

[12] Maar ek bring dit maklik en met groot liefde, **omdat ek Elohim meer liefhet as die hele wêreld**.

[13] Het ons daardeur egter ooit iets verloor? - O nee! **Ons het na elke offer nog net vooruit gegaan!**

[14] **Dink en handel julle daarom ook so, dan sal julle nooit iets verloor nie, maar altyd alleen maar baie wen!**

[15] Bowendien het die Kind ook in elk geval so `n **saggeaarde karakter**, dat dit werklik `n vreugde is om by Hom te wees!

[16] Net uiters selde huil Hy luidkeels! Hy was nog nooit siek gewees nie; en as jy Hom roep, dan kyk Hy so opgewek en vrolik rond en lag almal so hartlik toe, dat jy tot trane toe daardeur geroer word.

[17] En nou het Hy skielik ook nog **wonderbaarlik begin te praat** ook en sou jy Hom uit louter liefde plat kan druk!

[18] Daarom dus, my kinders, dink goed daaroor wie die Kindjie is, en behoed en versorg Hom tog so sorgvuldig as moontlik!

[19] **Want anders sou Hy julle tereg kan straf, as julle Hom as ons hoogste goed minder sou waardeer as al die niksseggende dwaashede van die wêreld!**"

[20] Hierdie woorde het al vyf seuns aan die huil laat gaan; hulle het almal van die tafel af opgestaan en om die wieg van die Kind heen gaan staan.

[21] Die Kindjie het Sy broers egter baie vriendelik aangekyk en hulle met die woorde geseën: "**O broers, word aan My gelyk, as julle vir ewig gelukkig wil wees!" En die broers het geween en gedurende hierdie aand niks geëet nie.**



# Lesing 6 - 7 Junie 2020 - Verhale uit die "Jeug van JaHshua" aan J Lorber gedikteer

## DIE VERNIETIGING VAN DIE AFGODSTEMPEL IN OSTRASINE

### Josef maan om te gaan slaap - Die gebod van die Kindjie om te waak vanweë die koms van `n storm – Josef se twyfel en die losbreek van die orkaan - Die aankoms van die vlugtende Cirénius met sy gevolg (10 Nov 1843)

**Hoofstuk 65:1** Die seuns van Josef wou egter nie meer die wieg verlaat nie, want die liefde **vir hulle goddelike klein broertjie** het hulle te veel aangegryp.

[2] Aangesien dit egter al taamlik laat geword het, het Josef met sy seuns gepraat: "Julle het nou voldoende gewys dat julle die Kindjie liefhet.

[4] Dit is alreeds diep in die nag en môre sal julle weer vroeg die dag sien; daarom kan julle dus nou in die naam van die Meester gaan om te rus!

[5] Die Kindjie slaap alreeds, **plaas die wieg versigtig langs die bed van Sy moeder** en gaan dan na julle slaapkamer!"

[6] Josef het dit nog maar nouliks gesê, of die Kindjie het Sy oë oopgemaak en gesê:

[7] "Bly julle vannag almal hier en hou die slaapkamers vry vir vreemdelinge, wat vandag nog hier hulle toevlug sal neem!

[8] **Want weldra sal `n verskriklike storm opsteek, soos in hierdie omgewing nog nooit voorgekom het nie**.

***Mattheus 24:20*** *En bid dat julle **vlug** nie in die winter of op die Sabbat mag plaasvind nie.*

*21 Want dan sal daar **groot verdrukking** wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe **nie gewees het en ook nooit sal wees nie.***

*22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; **maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word**.*

[9] Maar niemand van julle hoef bang te wees nie, want daar sal van **niemand `n haar van sy hoof gekrom word nie!**

[10] Plaas daarom ook **geen slot op die deure** nie, sodat die vlugtelinge hulself in hierdie huis in veiligheid kan red!"

[11] Josef het geskrik oor hierdie voorspelling en dadelik haastig na buite gegaan om te sien waarvandaan die onweer sou kom.

[12] Toe hy buite was, sien hy nêrens `n wolkie nie; die lug was helder en daar was ook geen sagte windjie nie.

[13] **`n Doodse stilte** het homself oor die hele omgewing uitgebrei en van `n naderende storm was totaal geen sprake nie.

[14] Josef het daarom weldra weer teruggekom, Elohim geloof en gesê:

[15] 'Die Kind het miskien gedroom, want van `n storm is nêrens sprake nie!

[16] Die hemel is na alle kante helder en daar is geen sagte windjie nie; waar sou `n storm dan vandaan moes kom?"

[17] Josef het hierdie woorde nog maar nouliks uitgespreek, of daar was opeens `n knal soos van duisend donderslae; **die aarde het so geweldig gebewe, dat in die stad verskeie huise en tempels ineengestort het.**

***Openbaring_6:12*** *En ek het gesien toe Hy die sesde Seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n **groot aardbewing**; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; [Boekrol van die Opregte 6:11; JeségiEl 38:19]*

*16:18 En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n **groot aardbewing** gekom **soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die Aarde was nie - so 'n geweldige groot aardbewing**.*

[18] Onmiddellik daarna het so `n **heftige orkaan** begin woed, dat dit die nabygeleë see meters hoog die stad ingejaag het; en al die volk, wat deur die enorme aardskok gewek was, het na buite gehardloop, die stad uit, **na hoërliggende plekke**.

***Mattheus 24:15*** *WANNEER julle dan die **gruwel van die verwoesting,** waarvan gespreek is deur die Profeet DaniEl, **sien staan in die Apartheidsplek** - laat hy wat lees, verstaan - [DaniEl 11:31]*

*16 dan moet die wat in JeHûWdah is, na die **berge** vlug;*

*17 wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie;*

[19] Ook Cirénius met Maronius en sy hele gevolg het weldra in alleryl die huis van Josef binnegevlug gekom en het hom inderhaas vertel van die huiweringswekkende tonele, wat deur die aardbewing en die storm veroorsaak is.

[20] Josef het Cirénius egter gerusgestel deur hom dadelik mee te deel wat die Kindjie vroeër gesê het. Toe het Cirénius meer vrylik begin asemhaal en kalm geword en die woede van die storm het hom nie meer verskrik nie, **want hy het veilig geborge gevoel**.